Laerskool Queenswood

Omsendbrief 10

23 Maart 2011

Geagte Ouers en Voogde

MEV. MEIJERS:

Na 'n lang verbintenis met Laerskool Queenswood neem ons met 'n swaar hart van mev. Meijers afskeid. Met entoesiasme, ywer en baie ervaring het sy elke dag aangepak. Haar skoolkinders is haar trots en sy hou hulle deur hul skoolloopbaan dop. Sy ken elke geheimpie van elkeen van haar kinders en kán sy met hulle spog.

Na 38 jaar het sy nou besluit om die tuig neer te lê en tyd aan haar eie kleinkinders te spandeer.

Mev. Meyers ons gun u elke oomblik se rus. Ja, ons gaan u mis want soveel ervaring gaan 'n groot leemte laat, nie net in die klas, maar ook in ons harte. Geniet elke oomblik van u aftrede!



BOBBY VAN JAARSVELD:

Op 15 April 2011 tree Bobby van Jaarsveld by die skool op. Om van hierdie groot fondsinsamelingsprojek 'n sukses te maak, het ons u hulp nodig om kaartjies te verkoop. Vertel u familie en vriende en verkoop asseblief so veel moontlik kaartjies.

MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

McDONALDSDAG - 24 MAART 2011:

Op Donderdag, 24 Maart 2011, is dit weer McDonaldsdag!

Burger : Gewoon - R12.00

: Hoender - R12.00

Burger & Skyfies : R20.00

Skyfies : R10.00

Om teleurstelling te voorkom bestel asseblief by jou voogonderwyser.

ENTREPRENEURSDAG: 25 MAART 2011:

Alle entrepreneurs moet asseblief tussen: 08:15 - 09:00 uitpak 09:00 - 10:30 verkoop

10:30 - 10:55 opruim

Bring asseblief sakke vol geld en kom ondersteun ons skool se entrepreneurs.

VAKANSIE:

Die skool sluit Vrydag, 25 Maart 2011, om 11:00. Ons hoop die leerders geniet 'n welverdiende ruskans. Die skool heropen op 11 April 2011.

Vriendelike groete

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Mev. Meijers

Bobby van Jaarsveld

My School-kaart

McDonaldsdag

Entrepreneursdag

Vakansie